# LESING 5 - 12 Februarie 2022 - Aanhalings uit: Die Eindtyd kom - Intelligensie Evaluasie

**Vervolg Adv. Pretorius se Intelligensie Verslag Bls. 34**

God openbaar Sy geheime aardse plek vir die totstandkoming van Sy "Nuwe Israel" in **Sef. 3:10** deur die woorde "**oorkant** die riviere van Kus/Ethiopië (vanaf Israel beskou)". Dit impliseer dat JaHshua Suidelike gedeelte van Afrika toe kom. Vader openbaar aan Johanna Brandt dat **Suid-Afrika Sy geheime plek is** soos reflekteer in **Opn. 12:14**.

*"maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd."*

Aan Siener van Rensburg (1864-1926) wys Vader hoedat Suid-Afrika die heimat van duisende Christene ter wêreld gaan word. Hy het ook gesigte gesien hoedat die Afrikanerdom bymekaarkom om Suid-Afrika die enigste ware Messiaanse staat ter wêreld te maak. Ons kan basies hierop sê dat Suid-Afrika elke dag nader beweeg om binne-in 'n Siener van Rensburg scenario ingetrek te word.

Die Sionsberg sal in die duisternis neerdaal omdat dit **'n geheime plek van Vader** is. *(ISN – It's Supernatural! Network, I'm in Heaven & See Mountains Filled with this ... | Hrvoje Sirovina*

Rebeckah Erlank, THE GOD OF COVENANT - Part 3 - The Covenant heart of God. 12 November 2020: "As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie ... As iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie." (Joh. 3:3 en 5.)

"Die groot arend (Planeet X) met groot vleuels, met lang vlerke, vol vere wat veelkleurig was, het na die Sion (as Líbanon) gekom ... (Esg. 17:3.) "In die skaduwee van u vleuels sal ek skuil totdat die onheil verbygegaan het." (Ps. 57:2.) Die heiliges sal veilig weggesteek word in "MY geheime plek, in die skaduwee van MY vleuels". Vader se Sion (as Elohim se tabernakel) sal oor hulle oopgespan wees (Opn. 7:15) (ook verwys as die Tabernakel of hut van Dawid in Hand. 15:16). "As ek opkyk, sien ek die arend met die kleure aan sy vlerke in die lug draai ... Dan sien ek weer die sonlig wat deur die reënwolke breek en dan is Tafelberg insig." *(Pieter Jan van Zyl. Môrester.)* Die betekenis hiervan is **dat Elohim die Hemelse Realm na Suid-Afrika toe bring.** Dit sal keer dat Suid-Afrika buite die oog van ongelowiges en onheil sal wees. (Joh. 3:3.)

Ek staan op 'n hoë berg. En as ek om my begin rondkyk, sien ek dit is Tafelberg. Ek is egter nie alleen nie. **'n Jong dogter met mooi, blou oë en lang hare is saam met my.** Sy neem my hand en wys dat ek na die see moet kyk. Ek kyk dan in die rigting waarheen sy wys en sien 'n **brandende rots wat in die see val**. Dit veroorsaak golwe wat tot teen die kruin van Tafelberg opbruis. *(Pieter-Jan van Zyl, Môrester.)*

"Elke skoot as ek by Tafelberg aankom sien ek as ek by Kaapstad kom, of met 'n vliegtuig of per motor ... As ek so afkyk in die rigting van Tafelberg, dan sien ek die bergreeks omring deur see. Elke keer sien ek dit so. Ek kan nie sê dat die Here vir my gesê het dat dit gaan gebeur nie, want dit is 'n belewenis wat ek het en al hoe sterker word. (*Wyle ds. Oom Willie Marais*)

"Tafelberg en die hele bergreeks word 'n eiland ... Hoe sal dit gebeur? ... Deur middel van 'n aardbewing. Dit gaan 'n skeur veroorsaak wat die see vanaf Kaapstad al langs die bergreeks tot by Vishoek gaan verbind. Dit sal nie geleidelik kom nie; dit sal baie vinnig plaasvind. Daar sal nie tyd wees vir mense om die ramp te ontvlug nie. Hoeveel huise onder die see gaan verdwyn, sal moeilik wees om vooraf te bepaal. Wanneer dit gaan gebeur, weet ek nie. Dit sal die grootste natuurramp wees wat ons land nog gaan tref." (*Wyle ds. Oom Willie Marais*)

*(Daniel Grobbelaar: Laatreëns:) Eweskielik word ek toe weggevoer op 'n groot Arend se rug en ek weet dat dit Gabriel is. Ek sien ons daal laag neer oor Tafelberg en Gabriel sê vir my dat ek die beker oor Tafelberg moet uitgiet. Maar ek sien intussen op Tafelberg hoe daar soveel bose geeste en demone versamel is en hulle rituele doen en vir VADER en SY volk in SY Aangesig uitdaag. Toe Ons laag oor die Berg is, toe giet ek die beker uit en ek sien toe hoe daar gloeiende rotse en meteoriete neerdaal oor Tafelberg en die Aarde tref. Die hele Tafelberg word uitmekaar geskied en getref en ek sien hoe daar wesens wat lyk soos skerpioene vanuit die rotsskeure en gate onder Tafelberg uitkom en die bose geeste wat versamel het uitmekaar jaag en pynig. Ek sien gekners van tande en hoor die verskriklikste geskreeu van hierdie demone wat so gepynig word en oral sien ek hoe die hele Tafelberg verwoes word deur vuurkolomme en die gloeiende kole wat die berg total vernietig het. (Einde van visioen)*

*MY Gilgal-Boerevolk, wees vol Hoop en vol verwagtinge vir hierdie tye wat aanbreek! MY Sweepslag sal weergalm; Die Tafelberg sal verkrummel; Die Vyand van die Noorde sal vlug; Die plae van Egipte sal van julle wegwyk en tot vêr in die Noorde gejaag word! Want NIEMAND sal MY uitdaag en laster nie – want EK IS JAHSHUA, die Nederige – die ALMAGTIGE!*

"Die veranderde natuur sal van bo-af kom. Dit sal binne 'n dimensie wees, wat 'n vurige muur of skild of koepel sal vorm – 'n **ondeurdringende kragveld**. Dit sal 'n **trans-dimensionele natuur** wees – 'n dimensie wat ons ken deur persone wat nabye dood wedervaring of ondervind het. Wanneer hierdie veranderde natuur 'n realiteit word, verwag ons dat die nuwe mensdom deur 'n nabye dood wedervaring sal plaasvind." (*Die Formule*.) **Hierdie Ark** sal die plek wees waar die hemel en die aarde mekaar aanraak en saamsmelt. 2020 was 'n jaar van voorbereiding, 2021 'n jaar van heiligmaking (verskeie verdrukkingsvoorvalle, onseker-

hede en vervolgings) en 2022 'n jaar van Goddelike besoek. *(Endtime Prophecies & Testimonies, This will happen in 2022| (Mei 2021*)

G.A. Watermeyer, skrywer van die gedigte-bundel, DIE REPUBLIEK VAN 1000 JAAR: [Uit Die Brandwag, Vrydag 23 Julie 1954.]" Waarom het ek **ATLANTIS OR THE CRYING OF THE WATERS** in Engels geskryf en nie in Afrikaans nie? Hierop is my antwoord slegs – my inspirasie het in Engels gekom! Op die tweede vraag, naamlik waarom moes 'n Suid-Afrikaner, 'n boereseun wat in die Karoo groot geword het, nou juis hierdie onderwerp aanpak en hom met voorspellings besig hou wat oënskynlik buite die kader van die Unie lê? As antwoord hierop haal ek 'n gedeelte aan van 'n gedig "**Southern Africa**" wat oorspronklik aan die einde van my bundel sou verskyn het, maar wat ek weggelaat het omdat dit van ander lande die kritiek kan uitlok dat die skrywer hiervan te chauvinisties is:

SOUTHERN AFRICA
This is the land of the future
this the Utopia to be,
a vision **whiter than Europe**
shaking its shores from the sea;
**wise** beyond science and the dogma
drifting the old to its death,
**wielding a wisdom forgotten**,
**birthing a love** to be gotten
golden to all

This is the land of the Godhead
**this the Kingdom to be**,
a creed to steepen the Christian
bending its brow from the sea …
All that the centuries mated
between the man and the God,
here on your shores to be stated
**her in its truth to be taught**.
Let there be shrines in your valleys,
temples of silence and song,
**for prophets are moving amongst you**,
**great spirits descending** amongst you
bearing a light from Beyond …
This is the **Lost Atlantis**
summoned out of the sea,
drawn from the secret Subways
destined, my peoples, for thee.

"Hiervolgens wil dit voorkom asof Suidelike Afrika op staatkundige, kulturele en geestelike gebied in die toekoms die toon in die wêreld gaan aangee, dat ons land voor 'n ontwikkeling staan wat groter hoogte-punte gaan bereik as wat Europa en Amerika verwe-senlik het, want die wysheid van Atlantis – dit wat Europa en Amerika nooit geken het nie – **gaan hier binne ons landpale herbore word."**

*"Want Ek sê, Suid-Afrika, hierdie nasie is my volk! Hierdie land is my land!"* (*Marc Bredenkamp se profesie op 10 April 2011.*) *"Suid-Afrika is 'n **Jakob-nasie**, nie 'n Esau-nasie nie ... Jy sal na die Groot Suidland (die Juda Koninkryk) van my gees genoem word ..." (David McDonald se profesie gedurende September 2017.) "Vader het aan my gesê dat ons nie eers na die huidige regering moet kyk nie. Daar kom 'n **ander regering**, **wat op Sy skouers rus.** Dit is die enigste een wat ons nodig het om aan te dink oor wat nog moet kom ... Hierdie regering is onderstebo. Dit is in die greep van vernietiging en chaos ... Vader het vir my gesê hierdie regering het 'n **kanker geword wat homself gaan opeet**." Dit sal nie die regering wees wat sal voortbestaan nie. Daar sal nog 'n ander een wees. Heeltemal 'n nuwe regime, nie die ANC nie **of nie die ander partye nie**."*

*David McDonald - Company of Prophets South Africa, Prophecy Over SA. 22 November 2017.* Suid-Afrika staan op! Staan op, my pragtige **bruid, Rut**! Jy is in my klere aangetrek. Jy is die appel van my oog. Dit is jou nuwe geboorte. Dit is jou tyd! Het ons nie veroorsaak dat jy 'n diamant in my hand is nie? Ek het veroorsaak dat jy soos die ring is, wat ek vir **Ester** my septer gegee het. Ek het na jou uitgereik. Gryp jou erfenis vas. Jy is nie 'n bedelaar-nasie nie. Jy is 'n "Jakob volk", nie 'n "Esau volk" nie, **gryp jou eersgeboortereg vas**. Jy sal die Groot Suidland (Juda Koninkryk) van my gees genoem word....

*Musteria, Profesieë oor ANC, 21 Januarie 2020. GEPROFETEER deur Francois de wet. 17 April 2019. Die grootste dreiging vir die nasie is 'n opstand teen die regering, dit gaan die **grootste gewelddadigste opstand wees wat Afrika nog gesien het en dit sal swart op swart geweld wees**. Daar gaan massiewe beskadiging van eiendomme wees. Die ANC gaan die mees gehate politieke party in Suid-Afrika word, hulle geliefde stemmers gaan teen hul draai wat baie mense, selfs die buiteland, gaan verbaas. Frustrasie van jare se beloftes wat opgehoop het. ANC amptenare gaan vlug vir hul lewens, op 'n regeringsvlak gaan dinge letterlik uitmekaar val. Daar gaan 'n groter aanvraag na eise vir grondonteiening wees wat grondonteiening en vergrype gaan veroorsaak wat die ANC onkant gaan vang, hulle gaan probeer om dit te onderdruk maar dit gaan een van daardie dinge wees wat hulle nie sal kan hanteer nie. Meer en meer geweld gaan uitbreek tussen grondgrypers, eienaars en polisie. Groot toename in xenofobie en as dit gebeur sal baie immigrante landuit vlug. Plunder gaan toeneem, plundering van winkels, vernietiging van eiendomme veral met brandstigting en vandalisme agv toename in stakings en protesoptogte ... Woede teen die ANC gaan opvlam, daar gaan eise vir grond wees, vir dienslewering, opvoeding, mediese dienste en hoe langer ANC gaan vat om aan hulle eise te voldoen, hoe kwater gaan mense word.*